

**Vrydag 18 September**

**Skrifgedeelte: Ester 3:1-7**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 25:17-19**

### **Hoe kies ek wanneer lojaliteit bots?**

In hierdie vreemde wêreld maak mens heelyd keuses. Soms moeilike keuses. Koning Ahasveros beveel almal moet voor die nuwe eerste minister Haman buig, seker om Haman se gesag te bevestig. Maar Mordegai weier volstrek, al het hy bewys hy is lojaal aan die koning (Ester 2:19-23; Rom. 13:1-7). Daar is 'n ander lojaliteit wat vir hom swaarder weeg. Wat kan vir hom so swaar weeg dat hy sy eie en ander Jode se veiligheid op die spel plaas?

Die konflik tussen Mordegai en Haman het ook 'n persoonlike element. Haman was familie van Agag (Ester 3:1); Mordegai van Saul (Ester 2:5). En die stryd tussen Agag en Saul het sy eie lang aanloop.

800 jaar voor Mordegai en Haman, toe Israel weerloos en moeg deur die woestyn getrek het, het die Amalekiete die Israeliete van agter aangeval – so asof die God van Israel nie iemand is om mee rekening te hou nie. Hiervoor, belowe die Here, sal Amalek uitgewis word (Deut. 25:17-19). 500 jaar voor Mordegai moes Saul die Here se wil uitvoer en Amalek uitwis. Maar Saul spaar Agag, Amalek se koning, se lewe en vergryp hom aan die buit. Hy maak, soos Amalek, of hy nie met God rekening hoef te hou nie. Daarom verwerp die Here Saul as koning. Ook Samuel draai sy rug op Saul. Samuel kap toe self vir Agag in stukke (1 Sam. 15).

Hoekom weier Mordegai om die koning te gehoorsaam en buig hy nie voor Haman nie? Kies hy so omdat hy opgeslurp is in 'n eeue-oue etniese konflik? Of kies hy so omdat hy nie dieselfde fout as Saul wil maak nie? Wil hy God na volle waarde reken, wil hy buig voor *Ek is wat Ek is*? Ongeag die gevolge?

Toe Haman uitvind Mordegai is 'n Jood, sien hy 'n geleentheid om sommer die dood van sy oor-oer-oupagrootjie Agag en Amalek se vernietiging te wreek. Die lot word gewerp om 'n dag vas te stel wat al die Jode in al die koninkryke van Ahasveros uitgeroei sal word.

Maar God wat werk, agter die sluier van die lot, het reeds sy geloofwaardige getuies in posisie om sy wil te laat seëvier.

*Sing: Psalm 16-3:1-3*

*Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)*